



## BRAHMAN: GBS 17-0016 GRANDVIEW ROYAL FLUSH

**EIENAAR: MNR. HEINRICH BRUWER (inlas)**

Die Elitebul Grandview Royal Flush van mnr. Heinrich Bruwer van Vryburg se Grandview Brahmane is die produk van 'n suksesvolle in vitro-embrioprogram wat in sy eie embriosentrum op die plaas gedoen word. Die plaas Grandview is met goeie soetveld geseën.

Royal Flush is 'n mediumraam-, vroegryp bul met besonderse breedte. Hy is lyngeteel uit die beste Sugarland-bloedlyne om die volgende generasie Brahman te skep. Hy het 'n besonderse prestasietoets-geskiedenis en is 'n gouemerietebul.

NAVRAE: E-pos: **heinrichbruwer1@gmail.com**, **079 506 8198**.







## BRAUNVIEH: N 17-0034 TURBO

**EIENAAR: MNRE. GAWIE (inlas links) EN WILLEM NAUDÉ (inlas regs)**

Turbo is die seun van Eduan Jumbo's Prado uit die bekende Jumbo-lyn en aan moederskant uit Eduan Love. Hy is geteel deur die Braunvieh-stoetery Eduan van mnre. Gawie en Willem Naudé van die plaas Buttermead, Barkly-Oos. Dié hooggeleë plaas ervaar baie koue winters, maar die Braunvieh vaar uitstekend daar.

Prestasietoetsing vorm 'n integrale deel van seleksie. Turbo het puik vleiseienskappe en besonderse lengte, breedte en diepte.

NAVRAE: E-pos: **gawien@telkomsa.net** of **wnaude80@gmail.com**; **082 897 9555** of **082 775 7069**.





## CHAROLAIS: DS 17-0278

**EIENAAR: MNR. DAMI STEMMET (inlas)**

Die Sumada-stoetery is een van die oudste Charolais-kuddes in Suid-Afrika. Die eienaar, mnr. Dami Stemmet, teel sedert 1994 met die ras op die plaas The Heights tussen Senekal en Winburg. Die beeste loop in die somer op natuurlike weiding met 'n fosfaatlek en in die somer op mielieireste met 'n onderhoudslek. Gehardheid is vir hom belangrik.

Streng seleksie word volgens visuele voorkoms, teelwaardes en vrugbaarheid gedoen.

Die Elitebul DS 17-0278 is 'n moderne, mediumraam-, vroegryptipe bul met baie vleis wat waarde tot enige kudde sal toevoeg.

NAVRAE: E-pos: **dami@luidkeels.info**, **083 264 1231**.





## CHIANINA: D 18-0147 ELEVATO HERODUS

**EIENAAR: MNR. LOUIS DE WET (inlas)**

Die Chianina-stoetery Elevato van Marlo Farms by Polokwane en Dendron is tien jaar oud.Die beeste loop op natuurlike, semisoet weiding wat uit smutsvinger-, *Aristida*- en wit- en bloubuffelgras bestaan. 'n Fosfaatlek word in die somer en 'n produksielek in die winter verskaf, sê mnr. Louis de Wet, wat aan die hoof van die stoetery staan.

Die Elitebul D 18-0147 het uitsonderlike groei- en voeromsettingsresultate behaal en is volgens Italiaanse standaarde (die ras se land van herkoms) bogemiddeld visueel korrek. Hy spog met goeie lengte, diepte en boudbespiering, het 'n manlike kop en dra baie vleis.

NAVRAE: E-pos: **info@marlofarms.co.za**, **073 333 8632**.